99 JAAR VAN OMGEE

Hulle het seker die warmste harte op die dorp en werk onverpoos om vir meer as 3 000 kinders in nood 'n goeie toekoms te probeer verseker. Elsabe Retief het gaan kuier by die span van KINDERSORG SA: STELLENBOSCH

DIE TONEEL IS 'n speelgrond in 'n Stellenbosse woonbuurt. Die kinders hardloop uitbundig rond, vasgevang in die opwinding en betowering van die spansport wat hulle speel. Dis immers vakansie, en vandag neem hulle deel aan 'n spesiale program wat hulle toelaat om 'n paar uur lank heeltemal sorgeloos te wees en die hartseer vir eers eenkant te laat lê.

Nou verskuif die prentjie na 'n stowwerige straat elders in dieselfde buurt. 'n Middeljarige vrou staan langs haar motor en hou die huis oorkant die pad angstig dop. Sy is een van 52 vrywilligers en het pas die dokumentasie gereed gekry om kinders te verwyder uit dié huis waar dwelmmisbruik en mishandeling hoogty vier.

PHOTOGRAPH:

Caborrovitas quiam, officiatiae nis aut quat faccus, con consequ odicili temporrum ex es deligenis se di cus vel iusda dolo eum reiur remporem qui cumqui dolupta eprest ilitis aut liandipsa dolor arit, sequi optio eiure none et ventet quid que inciiscimo eatur, quatus aboreictatio quat aceperat.Uptae. Repra sin restio con porporporrum faccum estissi modicidest unt, que periate mporehe ndaect

3 281
KINDERS IN NOOD

136
KINDERS IN PLEEGSORG BUITE FAMILIEVERBAND

275
KINDERS IN PLEEGSORG BINNE FAMILIEVERBAND

37
WEESKINDERS

24
MISHANDELDE KINDERS

Die organisasie wat vir albei dié uiteenlopende uitreikaksies verantwoordelik is, is Kindersorg Suid-Afrika: Stellenbosch, voorheen bekend as die Stellenbosch Kinder- en Gesinsorgvereniging. Hul naam het dalk onlangs verander, maar hul doelwitte is al 99 jaar lank dieselfde:

* **Kinderbeskerming:** Dagsorg; beskerming teen verwaarlosing, mishandeling en gesinsgeweld; steungroepe en die Oog op die Kind-projek
* **Gesinsbehoud:** Programme oor ouderleiding; steundienste
* **Statutêre dienste:** Kinderhof; pleegsorgtoesig; nasorg; gesinshereniging
* **Bewusmakingsprogramme:** programme oor mense-, kinder- en vroueregte, dwelmmisbruik en seksualiteit

Altesaam 15 maatskaplike werkers en vier hulpwerkers lewer maatskaplike dienste in Eersterivier, Kayamandi, Cloetesville en Idasvallei. Hulle word ondersteun deur sewe administratiewe assistente en 'n bestuur van vrywilligers wat 'n ogie hou oor beleid, geldsake en die toedeling van hulpbronne.

"Vandag se kinders is môre se volwassenes. Hulle verdien ons liefde, respek en beskerming sodat hulle dit môre self kan uitleef en betoon," sê Bettie Nieuwoudt, bestuurder van Kindersorg SA: Stellenbosch.

Een van hul belangrike projekte is Oog op die Kind, 'n beskermingsdiens wat kinders wie se veiligheid tuis in gevaar is, uit hul ouerhuis te verwyder en in pleegsorg te plaas.

"Saam maak ons 'n verskil" is die vereniging se leuse, want hul doeltreffendheid lê opgesluit in hul vennootskap met die gemeenskap: vrywilligers uit gegoede woonbuurte wat opleiding verskaf en geldelike hulp gee, onbaatsugtige pleegouers en hulpbehoewendes wat met hul probleme by Kindersorg aanklop.

Doerietyd in 1916 het die organisasie piepklein begin, maar mettertyd het hulle gegroei om ál meer gebiede in en om Stellenbosch te bedien en ál meer dienste in te sluit.

Hul heel eerste maatskaplike werker ooit is vroeër vanjaar oorlede. Anne Barends is in 1943 aangestel, en in 1944 is sy gevolg deur Mary Samuels. Stellenbossers het gou daaraan gewoond geraak om haar op haar fiets deur die dorp se strate te sien ry, op pad om besoek aan iemand in die gemeenskap te bring.

Gemeenskapsleiers soos Aäron Cupido, Willem du Toit, David Curry en Japie Cornelissen het die Skakelkomitee in 1964 gestig wat Die Herberg in Idasvallei as 'n plek van veiligheid bedryf het vir kinders wat wag om uitgeplaas te word na pleegsorg of kinderhuise. Die Herberg is later gesamentlik deur Kindersorg en die Skakelkomitee, as 'n subkomitee van die moedervereniging, bestuur.

Kindersorg het destyds saam met die Rotariërs die Nora Tyers-crèche in Andringastraat begin. In 1971 het die Sammy Sacks-fonds geld gegee vir 'n crèche in Idasvallei en 1979 is die Jessie Keet-bewaarskool daar geopen. Nog crèches is deur Kindersorg in Mfuleni, Kylemore en Kleinvlei gevestig.

Die vereniging het vandag vier crèches onder sy beskerming: Nora Tyers in Cloetesville, Sizamile in Kayamandi, Jessie Keet in Idasvallei en Frank's Haven Kylemore Crèche in Kylemore.

Nadat Kindersorg van kantoor na kantoor in die middedorp rondgetrek het, het hulle in 1983 onder leiding van die destydse voorsitter, dr. Dora Steyn, 'n moderne

Caborrovitas quiam, officiatiae nis aut quat faccus, con consequ odicili temporrum ex es deligenis se di cus vel iusda dolo eum reiur remporem qui cumqui dolupta eprest ilitis aut liandipsa dolor arit, sequi aceperiate mporehe ndaect

511
VERWAARLOOSDE KINDERS

14
GEVALLE VAN GESINSGEWELD

15
MENSE WAT MATERIËLE HULP BENODIG

135
DWELM- OF ALKOHOL-VERSLAAFDES

15
KINDERS MET MIV/VIGS

tuiste in Helshoogteweg gekry. In 1994 het die Stellenbosse Rooikruisvereniging geld geskenk om 'n tweede verdieping en 'n gemeenskapsentrum aan te bou.

Dora was een van die mense wat Kindersorg opgebou het tot die invloedryke vereniging wat dit vandag is, maar haar voorgangers was ewe indrukwekkend en sluit bekende name in soos Paul Cluver, Paul Roos, ds. A.F. Louw, Regine Muller, Jessie Keet en Babette Bekker – almal mense wat bekend was vir hul toewyding aan minderbevoorregtes, nes maatskaplike werkers soos Retha van Rensburg, Ina Brand, Mary Samuels en Anne Barends.

Geldsake bly maar 'n kopseer vir enige nieregeringsorganisasie en Kindersorg is gelukkig om te kan staatmaak op vrywilligers wat van derduisende rande tot klere vir die Kindersorg-winkel help insamel.

'n Mens moet groot dink en Nina Landman en haar gewillige helpers onderneem geldinsamelingsprojekte soos die Decameron-wynveiling en etes waar Stellenbossers hul harte en beursies mildelik vir die vereniging oopmaak.

Ná 99 jaar bly die maatskaplike behoeftes steeds groot, die geldjies steeds skraps en moet fyn begroot word om die skip op die water te hou. Maar Kindersorg en sy vrywilligers gooi nie sommer tou op nie – saam maak hulle elke dag 'n verskil aan die lewe van weerlose kinders en gebroke gesinne. **V**

PHOTOGAPH: